SKOOLGELD 2022

Tydens die ouerbegrotingsvergadering op, 8 November 2021, is daar besluit dat skoolgeld vir 2022 vooruitbetaalbaar is. Indien die volle bedrag nie op 28 Februarie vereffen is nie, onderneem die ouer om die skoolgeld in ***elf gelyke paaiemente*** **te betaal.**

SKOOLGELDE VIR 2022

GRAAD	PER MAAND	PER JAAR
Graad R - 6	**R 1 218.00**	**R 13 398.00**
Graad 7	**R 1 180.00**	**R 12 980.00**
Welpies	**R 1 554.00**	**R 17 094.00**

Die eerste paaiement is betaalbaar wanneer die skool in Januarie heropen. Indien u nie 'n debietorder gereël het nie, moet u 'n elektroniese betaling of 'n direkte deposito by die bank maak. Gebruik asseblief die korrekte verwysing (rekeningnommer op staat) met inbetalings en oorplasings van skoolgeld.

DEBIETORDERS

Bogenoemde word oor 11 maande gehef van Januariemaand tot Novembermaand. U moet 'n debietorderaansoekvorm voltooi wat jaarliks oordra na die volgende jaar.

GEEN KONTANT WORD AANVAAR NIE

In belang van die veiligheid van ons leerlinge en skoolpersoneel word geen kontant by die skool aanvaar nie. **Betaling van enige ander insameling of projekte word per Karri-toep of *EFT* betaal**. '**n Spesifieke verwysing sal dan voorsien word.**

BANKBESONDERHEDE VIR INTERNETBETALINGS OF DIREKTE DEPOSITO'S

ABSA - Fichardtpark Primêre skool
Rek nr. - 1570 320 900
Takkode - 632005
Verwysing skoolgeld - Rekeningnommer op staat (of kontak Marna van Vuuren)
Verwysing ander - Sal per aktiwiteit verskaf word + kind se naam en van

VOORUITBETALINGS

Indien die hele jaar se skoolgeld voor of op 28 Februarie 2022 ten volle vereffen is, word 5% korting toegestaan. Bestudeer die bedrae na korting soos in die onderstaande tabel uiteengesit.

GRAAD	PER JAAR	BEDRAG NA 5% KORTING
Graad R - 6	**R 13 398.00**	**R 12 728.10**
Graad 7	**R 12 980.00**	**R 12 331.00**
Welpies	**R 17 094.00**	**R 16 239.30**

STATUTêRE VRYSTELLING VAN SKOOLGELD

Ouers wat wil aansoek doen om volle - of gedeeltelike vrystelling van skoolgeld kan 'n aansoekvorm by die kantoor afhaal vanaf 1 Februarie 2022. Dokumente moet binne 14 dae na ontvangs deur die aansoeker ingegee word. **Kleuters van die Welpies kwalifiseer nie vir enige vrystelling van skoolgeld nie.**